

19 | NEPAL Preeti* en haar kinders is fisiek en geestelik deur haar man gemartel vir hul kerkbywoning. Haar man bly nou by 'n ander vrou, terwyl Preeti sukkel om hul kinders te versorg. Bid vir God se voorsiening in Preeti en haar kinders se behoeftes.

20 'n Paar maande gelede het politieke leiers begin met protesaksies om Nepal as 'n Hindoe-staat te verklaar. Die gevolg is dat sekere, nie-Christene, die lewe begin moeilik maak het vir Christene. Bid vir wysheid en leiding vir Nepalese Christene.

21 | GAMBIE 'n Paar maande gelede het Saidou* Islam verlaat om Jesus te volg. Sedertdien het hy talle dreigemente ervaar wat hom gedwing het om van sy voog se huis te vlug en skuiling by ander Christen te vind. Bid vir die Here se beskerming oor Saidou.

22 | VIËTNAM Vinh* (57) en sy ma (90) is uit hul huis geskop deur Vinh se vrou en kinders wat hul Christelike geloof teenstaan, maar nie voordat hulle eers geslaan is nie. Bid dat die Here die harte van Vinh se gesinslede sal aanraak en verander.

23 | MALEISIË Verlede jaar het die regering teruggegaan op hul woord om te waak teen diskriminasie gegrond op ras, dit was weens die ongunstige reaksie van Maleisiese groepe wat nie hul spesiale regte wil verloor nie. Bid dat die regering steeds regverdig sal optree teenoor minderheidsgroepe, veral ten opsigte van hul godsdiensregte soos vasgelê in die land se grondwet.

24 | INDONESIAË Baie Christene in Indonesië is vanuit 'n Moslemagtergrond en het Christus aanvaar nadat ander Christene die Evangelie met hulle gedeel het. Prys die Here vir dié Christene se waagmoed. Bid dat baie meer lewens geraak en verander sal word deur die Goeie Nuis.

25 | ARABIESE SKIEREILAND Vroeër vanjaar het 'n Geopende Deure-werker vermeld dat baie van ons vennote in die Arabiese Skiereiland moeg en belas voel. Bid dat hierdie werkers vir God se Koninkryk verklik sal word met nuwe hoop, vreugde en 'n onwrikbare geloof om hul bediening in die streek vol te hou.

26 | ISRAEL EN PALESTINA Bid vir eenheid onder kerke en kerkleiers van verskillende denominasies en etniese agtergronde. Bid dat Christene, veral die in leierskap, rus sal

ISRAEL EN PALESTINA *vervolg*

vind sodat hulle hul gemeenskappe tot die beste van hul vermoë kan bedien.

27 | LIBANON Namate die mense van Libanon 'n saambestaan voer met diegene wat uit ander dele van die streek gevlug het, het 'n Libanese gelowige gevra dat ons vir hulle sal bid om met voorbedding en danksegging vir alle mense in te tree, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat hulle 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid (1 Timoteus 2:1-2).

28 | SIRIË Loof die Here vir die volgehoue vroueprogramme in Sirië. Deur hierdie programme beoog Geopende Deure om die Siriese Kerk te versterk, sodat hulle God se liefde sal uitstraal in dié oorloggeteisterde land en sodoende ander na Christus sal wys.

29 | IRAK Baie mense wat teruggekeer het na Irak het hul besighede en werk verloor gedurende die inval van die Islamitiese Staat. Nou moet hulle die ekonomie weer aan die gang kry, asook hul lewens om vir hul gesinne te sorg. Bid vir werksgeleenthede vir hulle.

30 | SENTRAAL-ASIË Daar is 'n groeiende aantal Uyghur-huiskerke namate Uyghur-mense se tuistes en harte oop is teenoor die Evangelie. Dank die Here vir die toename in huiskerke in Sentraal-Asië. Bid vir voortdurende beskerming terwyl gelowiges in die geheim bymekaar kom vir lofprysing.

31 | DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS WÊRELDWYD Namate die vyand bese planne maak teen ons en ons vervolgte broers en susters wêreldwyd, bid vir God se beskerming vir ons almal. Bid dat die vyand se planne verhinder sal word en dat diegene wat ons vervolg vir ons geloof, hul dwaling sal insien.

*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd

GEBEDSKRYGERS FLITS



GEBEDSKALENDER VIR VERVOLGDE CHRISTENE WÊRELDWYD



“U sal hulle laat rus en vrede vir hulle gee, want hulle glo in U. Julle moet altyd in die Here glo, want as julle by Hom is, dan is julle by 'n rots wat altyd vas staan.” – Jesaja 26:3-4 (Die Bybel vir Almal)

**Augustus
2019**



1 | VERVOLGDE VROUE WÊRELDWYD Christenvroue is dubbel so kwesbaar vir vervolging weens hul geslag en geloof. Kom ons onthou hierdie vroue die Vrouemaand, en vra God om hulle te onderhou en te versterk om brawe getuies vir Hom te wees, afgesien van dit wat hulle ervaar.

2 | MOSAMBIEK Ons bly bid vir ons Mosambiekse bure wat deur twee siklone getref is vroeër vanjaar. Ons dank die Here vir die teenwoordigheid van die Kerk in die nadraai, in plekke soos Cabo Delgado waar sy skooling gebied het vir ontwortelde mense van alle gelowe. Bid dat God, te midde van hierdie tragedie, baie tot geloof in Hom sal bring.

3 | SENTRAAL-AFRIKAANSE REPUBLIEK Na haar man se dood het Leoni* geweier om deel te neem aan haar gemeenskap en aangetroude familie se routradisies en moet nou na haarself omsien. Bid vir Leoni en haar gesin vir voorsiening en beskerming, waar hulle in 'n gevaarlike gebied bly.

4 | BURKINA FASO Pastoor Pierre Ouédraogo, asook sy seun, swaer en vier ander gemeentelede het gesterf gedurende 'n Paasfees-aanval op hul kerk. Bid vir vertroosting en krag vir hul families.

5 | LIBIË Loof die Here vir Sy leiding en beskerming oor die Kerk in Libië terwyl hulle stadig maar seker hul geloof aan ander openbaar. Van ons broers en susters moet steeds hul geloof 'n geheim hou. Bid dat hulle maniere sal vind om in hul wandel met Christus te groei.

6 | ALGERIË Christene in Algerië bid al sedert die begin van die jaar vir die politieke situasie in hul land. Bid saam met hulle vir politieke stabiliteit in die land en dat die nuwe regering besluite sal neem tot voordeel van alle gelowe.

7 | NIGERIË In April is meer as 40 Christene in aanvalle dood in noordelike Nigerië. Bly bid vir die situasie in noordelike Nigerië, en vir die Here se vertroosting vir almal wat geliefdes verloor het.

8 In April het Boko Haram in een gemeenskap 25 Christene vermoor. Die dag na die aanval was hulle besig met voorbereidings vir die begrafnis, toe Boko Haram terugkeer om hulle weer aan te val en is die gemeenskap gedwing om te vlug. Bid vir krag vir hierdie gelowiges wat aanhoudend aangeval word weens hul Christelike geloof.

9 | TUNISIË Bid vir die beskerming van 'n jongvrou wat deur haar man geslaan word weens haar Christelike geloof. Mag die Heilige Gees vir diegene om haar wysheid gee oor hoe om haar te help.

10 | MAROKKO Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond sukkel om hul kinders Christelike waardes te leer, omdat die onderrig by die skool teenstrydig is met dit wat hulle tuis leer. Bid vir wysheid vir hierdie ouers en dat die Heilige Gees hul kinders die onderskeiding sal gee om te weet wat die waarheid is.

11 Amina* se man is van haar geskei oor haar geloof in Jesus. Sy moet nou op haar eie na hul kinders omsien. Bid dat God vir haar 'n weg sal baan om werk te kry om in haar gesin se behoeftes te voorsien.

12 | IVOORKUS Bamba* is 'n jongman wat van animisme bekeer het na Christenskap. Sy pa se familie dreig om hom te dwing om terug te keer tot sy ou geloof. Bid vir God se genade en beskerming vir hom en vir die saligheid van sy familie.

13 | CHINA Bybelvertaling is dikwels 'n ondankebare taak wat uithouvermoë en buitengewone noukeurige aandag verg. Dank die Here vir ons vennote wat die werk getrou onderneem. Bid vir eenheid in die span van vertalers, vir hul gesinne en vir beskerming sodat die werk onverhinderd kan voortgaan.

14 | BANGLADES In Mei is Shantiranjon se huis aan die brand gestek terwyl die gesin geslaap het. Genadiglik kon hulle ontsnap met minimale brandwonde. Bid dat Shantiranjon en sy gesin sal vasstaan in hul geloof afgesien van hierdie insident.

15 | SRI LANKA In Sri Lanka steier die Kerk steeds onder die dodelike aanvalle van Paassondag. Bid dat God, namate Sri Lankaanse Christene weer hul lewens probeer hervat, hulle in genade sal onderhou en hul bron van krag sal wees.

16 Bid vir Geopende Deure se medewerkers en vennote in Sri Lanka – mag die Here hulle voortdurend van wysheid voorsien oor die beste maniere om die slagoffers van die Paasfees-aanvalle te ondersteun. Mag hulle 'n bron van vertroosting en hoop wees vir die in pyn.



17 | MALEDIVE Malediviese Christene hou hul geloof 'n streng geheim weens die gevare wat dit inhou vir hulle. Bid dat die Heilige Gees hulle sal versterk in hul geloof omdat hulle nie mekaar kan ontmoet vir samesyn nie.

18 | INDIË Geopende Deure, deur plaaslike vennote, voorsien vroue in Indië met opleiding om hulle te help om trauma weens vervolging, te verwerk. Bid dat God hierdie opleiding sal gebruik om genesing van erge trauma te voorsien.